

## SONDAGSKOOL LES: Hersieningsles

### Doel van les:

- Die kinders kry kans om deur middel van koerante op 'n kreatiewe manier te wys wat hulle die kwartaal oor die Bybel geleer het.

Ons het verlede kwartaal soveel oor die Bybel geleer, en vandag wil ek bietjie by julle hoor wat vir julle uitgestaan het rondom die Bybel. Onthou ons het geleer die Bybel is God se eie woorde, ons Gids, 'n Boodskap oor Nuwe lewe in Jesus, 'n Swaard en 'n Bron van Wysheid.

**Aktiwiteit:** Die manier hoe julle die taak gaan uitbeeld is soos volg: elke groep gaan koerante kry, gom en 'n plakkaat. Julle moet nou 'n opskrif vorm en prente uit die koerante kry wat pas by 'n kort berig wat julle gaan skryf oor dit wat julle geleer het van die Bybel.

Wanneer al die groepe klaar is, kan hulle kom wys hoe hulle berigte lyk.

Sluit af met gebed in groepe.